Downloaded from Stanmorephysics.com

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2023

**10022**

**AFRIKAANS**
**EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**(VRAESTEL 2)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 70**

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

10022A

X05

**29 bladsye**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord slegs EEN vraag.


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n bos* | 35 | **Nie in Gauteng getoets nie** |
| 2. *Die ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 5 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | **Nie in Gauteng getoets nie** |
| 4. *Lien se lankstaanskoene* | 35 | 9 |


**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag.


| | | |
|---|---|---|
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | **Nie in Gauteng getoets nie** |
| 6. *Paljas* | 35 | 13 |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 18 |


**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.


| | | |
|---|---|---|
| 8.1 "Die droom" | 17 | 22 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Kom ons stuur vir Tasu" | 18 | 24 |


**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.


| | | |
|---|---|---|
| 9.1 "Die Hanswors" | 18 | 26 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Wetenskapmannetjies" | 17 | 28 |

Downloaded from Stanmorephysics.com



**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1 – 4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5 – 7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com



**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

**HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE.**

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Jammer ons kan nie soos Noag maak en net ŉ duif uitstuur nie, sê Beyers toe hy die tweede keer terugkom met skoene wat heeltemal onsigbaar geword het onder ŉ paar lae modder. Teen middagete (aartappelsop) lyk ons almal se skoene soos Beyers s'n. Die vloer van die huis is in ŉ vieslike toestand. En daar is nog geen teken dat die water minder word nie.

"Dit reën seker nog hoër op langs die rivier," sug Beyers terwyl Mana die sop inskep. "Maar volgens die radio is die ergste oorstromings oor. So ons moet net geduldig wees."

Ek wag vir die koningin om iets bitsigs te sê. Maar sy vat net ŉ sluk van haar beker kookwater en glimlag bemoedigend vir ons almal.

"Ek is *seker* ek sal teen môre deur daardie drif kan ry," sê sy vol selfvertroue.

"Van wanneer af is Ma ŉ weerprofeet?" vra Yann.

"Ek het nie na die weer gekyk nie, my seun, ek het na die kaarte gekyk. Ek het my Tarot-kaarte uitgepak."

Sharon se oë begin onmiddellik blink. Selfs meer as wat dit in elk geval die afgelope twee dae blink.

"Kan jy Tarot-kaarte lees?"

"Ja. En volgens die kaarte gaan ek Maandag in Johannesburg wees. Betyds om daardie rol te speel."

Sy speel ŉ Amerikaanse …

2.1 Watter slegte nuus het Beyers gebring toe hy die eerste keer van buite af inkom? (1)

2.2 "Die vloer van die huis is in ŉ vieslike toestand." (Reël 5)

Wat wou Mana skielik doen en waarom is Beyers verbaas daaroor? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com



2.3 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (2.3.1 tot 2.3.4) neer.

Margot sê sy voorspel nie die (2.3.1) … nie, maar raadpleeg die kaarte net wanneer sy ŉ (2.3.2) … het om te vra. Tibo het ook ŉ (2.3.3) … gehad wat hy wou vra. Amos sê Tibo wil weer iets oor (2.3.4) … vra. (4)

2.4 Hanna beskryf Sharon asof sy in volkome kontras met háár is.

Verduidelik hoe Sharon se lewe uiterlik van dié van Hanna verskil. Noem TWEE verskille. (2)

2.5 Watter soort werk doen Beyers? (1)

2.6 Voor die vakansie het Mana vir Gavin na ŉ partytjie op die berg genooi.

2.6.1 Wie se verjaardag sou gevier word? (1)

2.6.2 Hoe oud sou dié persoon word? (1)

2.7 Dink jy dit was verkeerd van Mana om vir Gavin na die partytjie te nooi? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

2.8 Drie mense was baie bly dat Margot kom kuier het. Wie was hulle? Noem hulle name. (3)

2.9 Mana maak gereeld vir die gesin sop. Wat bedoel Hanna wanneer sy sê dat die sop teen die einde van die maand proe of dit van dooie akkedisse gemaak is? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com



Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Ek was nog nooit so dankbaar dat ek in die een-en-twintigste eeu lewe nie. Ná 'n enkele aand sonder elektrisiteit, almal van ons koulik saamgekoek om die koolstoof in die kombuis, wéét ek dat ek enige vorige eeu sou gehaat het. G'n wonder die meisies het aanmekaar flou geval of waansinnig geword nie. Wat anders was daar om te doen?

Ons was gisteraand uitgelewer aan mekaar se geselskap. Sonder televisie, rekenaar, telefoon of enige van die ander moderne masjiene wat ons gewoonlik so wonderlik teen mekaar beskerm. Ons was so verveeld dat ons 'n vasvraspeletjie begin speel het. 'n Skielike floute of vinnige vlaag waansin sou 'n welkome afwisseling gewees het.

Die vasvraery het glad nie gewerk nie. Die punt van so 'n speletjie …

***

"Dié keer gaan ek my belofte hou, Yann," sê sy met glinsterende oë.

Dié keer is ek seker dis trane. Maar dan, net voordat sy in die helikopter klim, draai sy terug na my en glimlag met blinkrooi lippe en skitterwit tande. Nie 'n spoor van 'n traan nie.

"Opskud met daardie roman, hoor! Onthou, ek word nie jonger nie. As die boek eers oor twintig jaar verskyn, bied hulle my dalk die rol van 'n fassinerende *ouma* aan. En dit poplap, sal 'n fatale slag vir my ydelheid wees."

"Ek sal opskud," belowe ek plegtig. "Binne tien jaar."

2.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.10) neer.

"Sonder televisie, rekenaar, telefoon of enige van die ander moderne masjiene wat ons gewoonlik so wonderlik teen mekaar beskerm." (Reël 7 – 9)

Met hierdie uitspraak suggereer Hanna dat moderne masjiene veroorsaak dat …

A ons in die verlede leef.
B die mens verveeld raak.
C algemene kennis getoets word.
D 'n mens nie met ander hoef te gesels nie. (1)

2.11 Lees weer reël 13.

Waarom het die vasvraspeletjie glad nie gewerk nie? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.12 Beyers en Mana het saam met hulle kinders gaan vakansie hou.

2.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Beyers is Mana se (eerste/tweede) man. (1)

2.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.12.1. (1)

2.13 Volgens Hanna is lede van haar familie abnormaal.

Stem jy saam? Motiveer jou antwoord met TWEE redes deur na Mana te verwys. (2)

2.14 Dink aan Amos en Tibo.

2.14.1 Wat het die twee gedoen wat vir Hanna briesend (baie kwaad) gemaak het? (1)

2.14.2 Watter straf het Hanna vir hulle uitgedink? (1)

2.15 Watter TWEE positiewe dinge het uiteindelik uit Amos en Tibo se aksies gespruit? (2)

2.16 Die vakansie op die berg was vir Hanna ŉ vreemde vakansie.

Kies die persoon in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (2.16.1 tot 2.16.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.16.1 | Hanna ontdek dat hy haar eintlik Fabienne wou noem. | A | Margot |
| 2.16.2 | Hy het lekker gelag en ŉ hele dag lank nie sy oorfone opgesit nie. | B | Hanna |
| 2.16.3 | Sy het gevoel soos Aspoestertjie wat by die prins se bal beland het. | C | Yann |
| 2.16.4 | Haar kraampyne begin. | D | Gavin |
| | | E | Mana |

(4 x 1) (4)

2.17 Indien jy Hanna was, sou jy Margot se raad (Reël 20 – 22) gevolg het? Motiveer jou antwoord. (1)

2.18 Van watter deel van die storie het jy die minste gehou? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)
**[35]**

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

**HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE.**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

> "*Let's get this over with*," sê die vale Miemie Spies en pluk meneer Bruwer se spyskaart uit Lien se hande. Sy gaan sit op die stoeptrappie in die son en krap met 'n pers pen op die dokument.
>
> Lien is verlig. Sy is bly sy hoef nie die leiding te neem nie.
>
> "Ken jy 'n prokureur?" vra Miemie onverwags. Die vraag betrap Lien onkant. Sy kyk 'n paar oomblikke sprakeloos na Miemie. Sy skud haar kop stadig heen en weer. Is dit nou hier waar die haan moet kraai? wonder sy.
>
> "My pa se prokureur is 'n regte *perv*, maar ek sal hom bel," gaan Miemie voort asof sy nie Lien se ongemak agterkom nie.
>
> ***
>
> Haar ma roep vir ete. Sy het selfs vir haar ook 'n bietjie spaghetti bolognaise ingeskep. Hulle sit soos 'n wafferse gesin om 'n tafel en eet. Lien kan sien Braam is uit sy kassie. Hy praat aanmekaar oor die krieket-oefening en hulle span wat 'n goeie kans het om die liga te wen. Haar ma gesels saam, *mellow* maar hoegenaamd nie geel nie.
>
> Braam vertel dat hulle nog 'n borg vir die span soek. Grobbies sê die spanlid wat 'n borg werf, kan vyftien persent kommissie verdien. Haar ma stel voor Braam moet by die besighede in die omgewing gaan aanklop.
>
> Lien ontspan.

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Lien en haar klasmaats moet saam aan 'n skooltaak werk. Hulle doen die taak vir die vak (4.1.1) … Die groeplede het almal neergeskryf dat hulle daarin belangstel om 'n prokureur te word, maar Lien droom daarvan om te reis. Die TWEE plekke wat sy eerste wil besoek, is (4.1.2) … en (4.1.3) … Lien sou baie graag liewer op haar vorm oor toekomsplanne (4.1.4) … wou skryf. (4)

4.2 "Ken jy 'n prokureur?" (Reël 5)
Lien se antwoord op Miemie se vraag was 'n leuen.

Motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.3) neer.

"Hulle sit soos 'n wafferse gesin…" (Reël 12).

Hierdie woorde wys dat Lien … is.

A kwaad
B verbaas
C ongelukkig
D ongemaklik (1)

4.4 Lien het moeilike huislike omstandighede gehad en moes werk soek vir ekstra geld.

Watter TWEE mense het vir Lien werk gegee? (2)

4.5 "... *mellow* maar hoegenaamd nie geel nie." (Reël 15)

4.5.1 Word "geel" konnotatief of denotatief gebruik? (1)

4.5.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 4.5.1. (1)

4.6 Skryf die volgende vier gebeure in Lien se matriekjaar onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lien help vir Braam om 'n borgskap te kry.
- Lien se vriend vier haar verjaarsdag saam met haar.
- Lien werk in 'n koffiewinkel om kos op die tafel te sit.
- Lien gee haar spaargeld vir Hein om vir Tibbey te probeer help. (4)

4.7 Een van die temas van die roman is deursettingsvermoë.

Dink jy dat die tema vandag steeds relevant is? Motiveer jou antwoord. (1)

4.8 Aan die begin van die roman was Lien se verhouding met haar ouers nie goed nie.

Dink aan TWEE gebeure waaruit die leser kan aflei dat Lien tog die verhoudings met hulle wou verbeter? (2)

4.9 Watter impak het die skool se toneelstuk op Lien se lewe gehad? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com



Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Sy oorweeg dit om om te draai bushalte toe, maar dan dink sy aan die leë yskas en Braam se flenter beenskutte en aan Kate Hudson se vorms wat onder in haar laai lê. Sy moet ten minste probeer, al is dit net vir ’n rukkie, en niemand sal haar tog met die pruik en die brilletjie herken nie. Sy vou weer die plakkaat oop.

Mettertyd begin sy ontspan. Sy glimlag selfs vir die mense wat langs haar stilhou. Die meeste maak geen oogkontak nie. Ander draai hulle vensters op sodra hulle die kruising nader, maak of hulle haar nie sien nie.

Party gee darem. Lien kyk nie wat hulle in haar hande stop nie, maar sy leer gou hoe voel ’n tweerandmunt, ’n vyfrandmunt. Sy verbeel haar die kleiner munte voel ligter. Een vrou gee sowaar vir haar ’n noot. ’n Groene. Sy voel soos ’n hond om die mense se geld te vat. Die brilletjie irriteer haar neus. Dit gly kort-kort af en sy moet dit terugstoot terwyl sy die plakkaat met een hand probeer vashou. Haar drukkende skoene is egter die *pits* …

***

Sedert Tibbey se ongeluk is sy senuweeagtig by haar hoek. Sy is bang vir die karre en sy is bang vir Sproet en sy is skielik baie agterdogtig as mense na haar kyk. Sy hou die verkeer benoud dop …

4.10 Noem TWEE dinge wat Lien gedoen het om voor te berei voor sy die eerste keer gaan bedel het. (2)

4.11 Verskeie karakters het ’n rol in Lien se lewe gespeel.

Kies die aanhaling in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (4.11.1 tot 4.11.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.11.1 Roos | A “Lien Jooste, jy is ’n *dark horse*.” |
| 4.11.2 Tibbey | B “Jy’t lekker by ons *vibe* ingepas.” |
| 4.11.3 Sproet | C “Jou bord is te *fancy*.” |
| 4.11.4 Wouter | D “Vat, koop iets wat jy nodig het.” |
| | E “Dis baie meer *exciting* as julle rugby.” |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.12 Op wie se plek het Lien aan die begin gestaan en bedel? (1)

4.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.13) neer.

Lien se besluit om te bedel kan as ... gesien word, omdat …

A braaf, sy haar gesin wil versorg.
B lui, sy kon gaan werk het as sy wou geld maak.
C gevaarlik, sy nog ŉ kind is en dit nie veilig is nie.
D rebels, sy enigiets sal doen net om uit die huis te kom. (1)

4.14 Verduidelik die rol van musiek in Lien se lewe. (2)

4.15 Kuifie was baie belangrik in Lien se lewe.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. Gee TWEE feite. (2)

4.16 "Sedert Tibbey se ongeluk is sy senuweeagtig by haar hoek." (Reël 17)

Gee EEN rede waarom Lien so gevoel het? (1)

4.17 Watter insident in die roman het jou ontstel?

Motiveer jou antwoord. (2)

4.18 Waarom kan Lien as ŉ rolmodel beskou word? (1)

4.19 Watter raad sou jy aan Lien gee as jy haar vriend/in was? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze**

**HIERDIE DRAMA WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE.**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

*(Nollie het ŉ nuwe plaat opgesit … En Hendrik sing ŉ paar woorde saam.)* …
Nollie, ons kuier nou so lekker – was dit Saterdagaand,
dan't ek vir ons ŉ dop gegooi!

22. Katrien en Emma in Katrien se slaapkamer voor die spieëlkas. Emma sit vir haar ma in die spieël en kyk en Katrien is besig om Emma se hare te vleg.

EMMA: Ma stry verniet.
KATRIEN: Wat?
EMMA: Ek het oë in my kop. Ma loop met goed rond waaroor Ma nie praat nie.
KATRIEN (*vinnig*): Ag, ons almal seker maar.
EMMA: As Ma kon oor kies, sou Ma weer trou?
KATRIEN (*verbaas*): Hoekom vra jy dit?
EMMA: Oor ek wil weet.
KATRIEN: Ek het nog nooit daaroor gedink nie. *(ŉ Gespanne laggie.)* Kragtie, Emma, watse praatjies is dit?
EMMA: Ek gaan nooit trou nie.
KATRIEN: Hoekom nie? (*Emma antwoord nie.*) Emma? (*Emma sit net voor haar en kyk, sonder om iets in die spieël raak te sien.*) Jy's nog so jonk, my kind. Jy's heeltemal te jonk en te mooi om nou al te moet bang wees.
EMMA: Ma was ook jonk. Ma was ook mooi. (*Ná ŉ ruk.*) Ma is nog mooi. (*Ná nog ŉ ruk.)* Ek hou niks van oom Frans nie.

Katrien kyk op. Hulle oë ontmoet in die spieël. Hulle kyk …

***

Oplaas word dit vir hulle duidelik wat die vier sien: ŉ trein. Die trein staan op die syspoor. ŉ Goederetrein. Vol dierehokke.

6.1 "Nollie, ons kuier nou so lekker – was dit Saterdagaand, dan't ek vir ons ŉ dop gegooi!" (Reël 2 – 3)

Waaruit kan ons aflei dat Hendrik baie van Nollie hou? Noem TWEE dinge. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.2 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Emma konfronteer haar ma en sê dat sy met opgekropte gevoelens rondloop.
- Frans lewer ŉ melkkan en ŉ mandjie vol rooi appels af.
- Hendrik vra vir Katrien wanneer sy laas klavier gespeel het.
- Hendrik sê Emma het weggehol, sy ken nie ŉ goeie vryer as sy een sien nie. (4)

6.3 Emma se opinie oor ŉ verhouding met Nollie het verander.

Verduidelik hoe Emma se opinie oor ŉ verhouding met Nollie van die begin van die drama af tot die einde van die drama verander het. (2)

6.4 "As Ma oor kon kies, sou Ma weer trou?" (Reël 12)

Hoekom verbaas dit ŉ mens dat Emma só iets van Katrien vra? (1)

6.5 *(ŉ Gespanne laggie.)* (Reël 15 – 16)

Wat is die funksie van hierdie toneelaanwysing? (1)

6.6 "EMMA: Ek gaan nooit trou nie." (Reël 17)

Waarom sou Emma moontlik sê dat sy nooit gaan trou nie? (1)

6.7 "Jy's nog so jonk, my kind. Jy's heeltemal te jonk en te mooi om nou al te moet bang wees." (Reël 20 – 21)

6.7.1 Wat impliseer hierdie woorde van Katrien? (1)

6.7.2 Waarom sou Emma moontlik bang kon wees? (1)

6.8 "EMMA: Ma was ook jonk. Ma was ook mooi. (*Ná ŉ ruk*.) Ma is nog mooi. (*Ná nog ŉ ruk.)* Ek hou niks van oom Frans nie." (Reël 22 – 23)

Waarom hou Emma niks van Frans nie? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (6.9) neer.

Dit lyk of Hendrik en Katrien se huwelik na ŉ onafwendbare afgrond begin afstuur, maar dan tree daar ŉ verwikkeling in wat die drama in ŉ nuwe rigting begin stuur. Wat het verander?

A ŉ Leeu het gebrul.
B ŉ Haan het begin kraai.
C ŉ Lokomotief het die stasie ingestoom.
D Hendrik se motor het langs die pad gebreek. (1)

6.10 "Oplaas word dit vir hulle duidelik wat die vier sien: ŉ trein." (Reël 25)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die sirkusmense staan Hendrik (beangs/verveeld) en inwag terwyl Hendrik op hulle afstorm. (1)

6.11 Die sirkustrein wat op Hendrik se stasie arriveer het, was klaarblyklik ŉ fout.

Waar moes die trein eintlik gestop het? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

KATRIEN: Op Touwsrivier twintig jaar terug het almal gesê jy gaan stasiemeester wees voor jy dertig is. Toe kom Emma. Toe Lydenburg. Toe Soekmekaar. Toe kom Willem. Toe begin als verkeerd loop. Toe Twyfelfontein. Elke stasie 'n bietjie kleiner, bietjie valer, bietjie verder van als af. (*Sy kyk reguit vir hom.)* Nou sit ons hier. Kyk hoe lyk als, Hendrik. Kyk hoe lyk ons …
HENDRIK (*eenvoudig*): Dis lekker hier, Katrina.
KATRIEN: … Is dit?
HENDRIK: Hier's niemand wat jou by my probeer wegvat nie. Behalwe Frans, miskien – maar vir Frans sien ek kans.
KATRIEN: Wat? (*Sy weet glad nie wat hy bedoel nie*.)
HENDRIK: Op Touwsrivier was dit die stasiemeester. Moenie sê jy't vergeet nie. Hy kon sy kloue nie van jou afhou nie. Op Lydenburg was dit die onderwyser én die afslaer. Op Soekmekaar was dit omtrent almal. Op Twyfelfontein was dit Pieterse met sy Mercedes en sy volstruisvelkamaste en sy strandhuis en sy bliksemse presente!
KATRIEN (*kyk weg*): Ek glo nie wat ek hoor nie.
HENDRIK: Ek wou jou vir myself hê!
KATRIEN: En toe wat? (*Hy staan net vir haar en kyk. Haar stem is bitter*.) Jy is al een wat ek ooit liefgehad het, Hendrik McDonald. En jy is al een wat dit nooit wou glo nie.

Hy staan 'n hele ruk net doodstil vir haar en kyk.

6.12 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (6.12.1 tot 6.12.4) neer.

Twintig jaar gelede toe hulle getroud is, het Katrien baie hoë (6.12.1) … van haar nuwe man gehad. Hendrik glo hy en Katrien is steeds gelukkig saam. Dis net: hoe meer ons wou diékant toe, hoe meer het als (6.12.2) … kant toe geneuk. Ons kan aflei dat Katrien baie (6.12.3) … is omdat so baie mans haar aandag probeer wen. Emma het uiteindelik tot die slotsom gekom dat die enigste manier vir hierdie gesin om oor hulle probleme te kom, was om daaroor te (6.12.4) … (4)

6.13 Dit is duidelik uit die drama dat Willem 'anders' is.

Gee TWEE moontlike redes wat die oorsaak kan wees dat Willem nie praat nie. (2)

6.14 Dink jy dat Katrien werklik niks geweet het van die ander mans se belangstelling in haar nie? Motiveer jou antwoord. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.15 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (6.15) neer.

"Nou sit ons hier. Kyk hoe lyk als, Hendrik. Kyk hoe lyk ons …" (Reël 6 – 7)

Hierdie woorde wys dat Katrien …

A dink hulle moet te ver ry na ander plekke toe.
B nie gelukkig is oor hoe Hendrik met Willem praat nie.
C nie meer optimisties oor hulle huwelik voel nie.
D enigiets sal doen om Hendrik te oortuig om ʼn oorplasing na ʼn ander stasie te kry. (1)

6.16 "HENDRIK: Hier's niemand wat jou by my probeer wegvat nie.
Behalwe Frans, miskien – maar vir Frans sien ek kans." (Reël 10 – 11)
Uit die uittreksel lei ons af dat Frans moontlik vir Katrien sou wou wegvat.

Verduidelik waarom Frans nie vir Hendrik ʼn probleem sou wees nie. (1)

6.17 Hendrik McDonald en sy gesin is mense wat partykeer sukkel, wat partykeer allenig voel. Partykeer is hulle hartseer, maar partykeer is hulle bly oor iets.

Kies die gevolge in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (6.17.1 tot 6.17.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.17.1 | Emma vind die slapende Willem op die divan. | A | Ná ʼn rukkie lig Emma haar hand op en druk ʼn ander noot. |
| 6.17.2 | Nollie gee Emma se handdoek aan. | B | Emma stem in om na die Volstruisdans te gaan. |
| 6.17.3 | Willem gaan staan by Emma met ʼn selfbewuste glimlag. | C | ʼn Mens hoor Emma sukkelend klavier speel in die huis. |
| 6.17.4 | Die dominee het die afgelope 5 jaar Hendrik slegs besoek om te verdoem. | D | Hendrik huil nou. |
| | | E | Hendrik kom sonder die kerk klaar. |

(4 x 1) (4)

6.18 Die verwagting was dat Hendrik McDonald jare gelede al bevordering by sy werk sou gekry het.

Waarom was hierdie verwagting van Katrien nie bewaarheid nie? (1)

6.19 Willem speel aan die einde van die drama ʼn eenvoudige wysie oor en oor op Manuel se konsertina. Waarom, dink jy, doen hy dit? Noem TWEE feite. (2)

6.20 Katrien se huwelik met Hendrik was vir haar ʼn ontnugtering. Watter lewensles kan ʼn mens hieruit aflei? (1)

**[35]**

**b.o.**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

LUKAS: Nina, loop ’n bietjie stadiger.
NINA: Hou jou bek!
LUKAS: Jy sal sien, dis lekker op die dorp. Dink net, vier sjielings ’n week en wat jy alles vir jou daarmee kan koop! Jy gaan baie geld hê.
NINA: Hou jou bek!
LUKAS: Ek weet nie vir wat jy my moet loop en uitskel nie, ek het jou niks gemaak nie.
NINA: Julle kan almal hel toe loop!

***

LUKAS: Sê my waarheen is almal op pad?
STEM VAN AGTER VERHOOG: Daar lê ’n spookskip by Noetzie, oom.
*Verskeie stemme herhaal dit.*
LUKAS: ’n Spookskip by Noetzie? Waar is Noetzie? *(Mense hardloop net verby.)* Waar is Noetzie?
STEM: Just follow the track to the south.
LUKAS: (op band): Iets in my het vooruit begin loop. Watter verskil sou dit maak as ek suid draai? Watter verskil sal dit maak as ek Nina eers die volgende dag loop soek? ’n Spookskip was godsonmoontlik, maar ek wou gaan kyk. Miskien kan ek slaapplek by Noetzie kry. By die waterkant het die skemer die laaste nuuskieriges begin omjaag. Ek het agter teen die bosse bly wag tot die donker almal teen die koppe uitgejaag het. Almal behalwe een man wat langs die water bly staan het.
LUKAS: Naand, oom. *(Man skrik en swaai om.)* Ekskuus, ek wou oom nie laat skrik het nie.

7.1 Ongeveer hoe oud was Lukas op hierdie stadium in die drama? (1)

7.2 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (7.2.1 tot 7.2.4) neer.

Die boswagter, Mister (7.2.1) ... het kom sê dat hy vir Nina werk as ’n (7.2.2) ... op die (7.2.3) ... gekry het vir vier sjielings ’n week en (7.2.4) ... en klere daarby. Lukas vat haar na die hardepad toe waar die boswagter haar sal kom kry. (4)

7.3 Verduidelik hoe Nina se gevoelens oor die weggaan uit die Bos verskil van Lukas se gevoelens. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.4 Was Lukas 'n goeie rolmodel vir Nina toe hy haar dorp toe vergesel het? Motiveer jou antwoord deur te verwys na die raad wat Fiela vir Lukas gegee het. (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (7.5) neer.

Die leser kan in reël 2 uit Nina se woorde: "Hou jou bek!" aflei dat haar taalgebruik …. is.

A kru
B vuil
C suiwer
D vleiend (1)

7.6 Verduidelik waarom Lukas in reël 17 "op band" praat. Gee TWEE feite. (2)

7.7 "Watter verskil sal dit maak as ek Nina eers die volgende dag loop soek?" (Reël 18 – 19)

Verduidelik waarom Lukas nie dadelik na Nina begin soek het nie. (1)

7.8 Kies die persoon in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (7.8.1 tot 7.8.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.8.1 ... kan in Noetzie nie ophou om na die sterre te kyk nie. | A Miss Weatherbury |
| 7.8.2 … is skoon verbaas om te hoor dat Nina broers en susters het. | B Veldkornet Armstrong |
| 7.8.3 … het in Noetzie in die skemer by die spookskip bly staan. | C Lukas |
| 7.8.4 … die opgeskote seun van die Lange Kloof wat na Lukas gesoek het. | D Latjie |
| | E Dawid |

(4 x 1) (4)

7.9 Nina het musiek op haar bottels gemaak.

7.9.1 Watter ontstellende ontdekking het sy gemaak toe sy na die geheime plek gaan waar sy die bottels weggesteek het? (1)

7.9.2 Wat was die simboliese betekenis van die besluit om die bottels te begrawe? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

LUKAS: Jy praat duister, Kaliel, maar miskien verstaan ek beter as wat jy dink.
LUKAS *loop. Mis begin opkom oor see*. NINA *kom opgehardloop. Sy het 'n blou rok met blommetjies aan en 'n dik swart tjalie om haar skouers.*
NINA: Lukas! Ek het jou gesoek! (*Gooi haar arms om hom.*)
LUKAS (*op band*): Haar lyf was teen myne en ek het myne voel antwoord gee. Was ek van my verstand af? (*Stoot haar weg. Sy vleg haar vingers deur syne. Hy praat gewoon.*) Waar die duiwel kom jy vandaan?
NINA: Ek soek jou al dae lank. Ek het begin glo dat jy seker maar weg is …
LUKAS: Die laaste wat ek van jou gehoor het, was by *miss* Weatherbury toe jy sommer net weer aangeloop het. Vir wat het jy dit gedoen?
NINA: Maar jy het dan gesê ek moet vir Pa loop sê jy kom nie weer terug nie.

***

FIELA: Ek weet. Maar dit sal regkom. (*Gekap sterk op. Sy roep.*) Benjamin, jy gaan nie met daardie ding op die vangdam op nie! Die dam is drie keer groter en drie keer dieper as toe jy hom laas gesien het. (SELLING *af. Op band.*) Maar kleintyd se wil was ook nog in hom. Daarby het Selling op die damwal loop sit en hom van daar af in sy kwaad gehelp.

7.10 Watter vaardigheid wou Lukas by Kaliel leer? (1)

7.11 Watter soort werk weier Lukas om vir Kaliel te doen? (1)

7.12 "LUKAS (*op band*): Haar lyf was teen myne en ek het myne voel antwoord gee." (Reël 7 – 8)

7.12.1 Vertel waarom Lukas 'op band' praat. Gee EEN feit. (1)

7.12.2 Hoe, dink jy, voel Lukas hier oor Nina? Motiveer jou antwoord met 'n feit. (2)

7.12.3 Watter afleiding kan jy oor Lukas se morele waardes maak wanneer hy vir Nina wegstoot? (1)

7.13 Nina het vir Lukas 'n boodskap gebring.

Wat is die boodskap? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (7.14) neer.

Lukas besluit om Lange Kloof toe te gaan. Hy wil 'n … as present saamneem.

A skaap
B koei
C bok
D vis (1)

7.15 Fiela ervaar innerlike konflik met Benjamin se tuiskoms.

Waarom is dit ironies dat Fiela innerlike konflik ervaar met Benjamin se tuiskoms? (2)

7.16 "Daarby het Selling op die damwal loop sit en hom van daar af in sy kwaad gehelp." (Reël 22 – 23)

7.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die woorde "in sy kwaad gehelp" word hier (letterlik/figuurlik) gebruik. (1)

7.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.16.1. (1)

7.17 Skryf die volgende vier gebeure in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lukas sê vir Mister Benn hy sal voortaan as Benjamin Komoetie bekendstaan.
- Fiela sê vir Benjamin om die waarheid oor sy identiteit by Barta te gaan uitvind.
- Lukas/Benjamin sê: "Ek is niemand."
- Barta sê dat sy nie langer met die leuen kan saamleef nie en erken Lukas is nie hulle seun nie. (4)

7.18 Watter lewensles het jy by Lukas/Benjamin geleer? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "DIE DROOM" – Pierre Olivier

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

"Ek sê jou dit word al duideliker, dit gebeur al meer," die meisie teen die venster se ernstige stem dring deur oom Jaap se gedagtes sodat hy onwillekeurig luister.

"En ek sê dis bog, Rienie. Hoe op aarde kan jy jy wees en nog iemand anders ook? Kom by, ou *girlie.*"

"Jy kan maar spot, Jaco, maar ek droom hierdie drome van 'n plaas tussen wilde bome. Daar is beeste en ek loop op die werf rond en gee hoenders en eende kos. Ek woon daar by my pa en ma en ek het 'n broer, Bernard. Ons is 'n tweeling."

"'n Mens kan enigiets droom." Jaco se stem is effens ongeduldig, "Dis nie te sê jy ís dit wat jy droom nie."

***

Oom Jaap slaap diep. Hy roer onrustig toe die bus stilhou, maar dan raak hy weer weg. Hy sien nie die jongman en die meisie afklim en onder 'n sambreel na wagtende vriende in 'n motor loop nie.

In die nanag skrik hy wakker. Onthou, hy moes iets onthou. Hy ruk, die meisie, hy moes haar waarsku. Waar? Hulle sitplekke is leeg. Sou hy gedroom het? Hy ril skielik en trek die kombers wat die waardin oor hom gegooi het, stywer om sy lyf.
Dan ontspan hy, natuurlik het hy net gedroom. Hoe sou die meisietjie nou ooit kon gedroom het van …

8.1.1 Wat is die meisie se naam waarvan Rienie droom? (1)

8.1.2 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (8.1.2(a) tot 8.1.2(d)) neer.

Die gebeure van oom Jaap se familie lank gelede, het 'n toevallige (a) … met die droom wat Rienie aan Jaco vertel. Die droom laat 'n mens wonder of dit net toeval is waarin die jong (b) … skynbaar herroep wat met oom Jaap se familie lank gelede gebeur het en of dit dalk 'n (c) … is oor wat met die (d) … gaan gebeur. (4 x 1) (4)

8.1.3 Oom Jaap het aan die slaap geraak en eers in die nanag wakker geword.

Noem DRIE dinge wat gebeur het toe Oom Jaap op die bus wakker skrik. (3)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.1.4 Bespreek Oom Jaap se innerlike konflik voordat hy aan die slaap geraak het. (1)

8.1.5 (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Rienie sê haar droom was soos ŉ (kortverhaal/vervolgverhaal). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.1.5(a) deur te verduidelik waarom Rienie so sê. (1)

8.1.6 Watter ooreenkoms is daar in die weersomstandighede van die aand van Oom Jaap se broer se ongeluk en die aand op die bus? (1)

8.1.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (8.1.7) neer.

Spanning is in die kortverhaal geskep deur …

A die verhaal met ŉ oop slot te eindig en die slot aan die leser oor te laat.
B die feit dat Oom Jaap nie seker is of Julia se dogter hom sal aanvaar nie.
C die weersomstandighede wat daardie aand geheers het.
D die seun wat laat is voordat die bus vertrek. (1)

8.1.8 "Ek sê dis bog, Rienie. Hoe op aarde kan jy jy wees en iemand anders ook?" (Reël 4 – 5)

Met hierdie woorde is dit duidelik dat Jaco nie vir Rienie geglo het nie. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (1)

8.1.9 Wat, dink jy, het met die jongmense op die bus gebeur nadat hulle deur vriende in ŉ motor opgelaai is?

Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

8.1.10 As jy in Oom Jaap se skoene was, hoe sou jy teenoor die meisie opgetree het?

Motiveer jou antwoord. (1)

8.1.11 Glo jy dat ŉ mens se drome letterlik waar kan word? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**8.2 "KOM ONS STUUR VIR TASU" – Maretha Maartens**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

"Kom ons stuur vir Tasu en vir my," sê Evelina. "Ma kan ons met oom Jollyman se taxi stuur, Ma!"

Ma tel haar kop skielik op.

"Vir jóú stuur ek nie saam nie, Evelina," sê sy. "Jy het nog nie verstand nie. Maar Tasu … hoekom nie?" Dan word haar gesig weer treurig. "Dit kos te veel geld," sê sy. "Oom Jollyman vra vyf-en-dertig rand tot in Kimberley en dan moet Tasu nog verder ry, tot by Perdeberg, en terug. Dit gaan niks minder as sestig, sewentig rand kos nie. Buitendien: Tasu was nog nooit alleen weg nie."

***

Oom Jollyman druk die toeter en almal rondom hom begin groet en boodskappe afgee en lawaai.

Tasu klim in die taxi. Die bussie is reeds vol; dit word by die oomblik voller. Jy kry mense se reuke en voel hul skouers en heupe teen jou skuur. Daar is stapels bagasie in die bagasiebak en op die dak; jy kan niks deur die agterste ruit sien nie. Die vrou langs hom hou ’n sak mieliemeel op haar skoot en ’n man voor hom sit op ’n hoop klein matjies. Agter hom sit daar vyf mense in kerkklere. Hy is vasgekeer tussen koppe en skouers en bene en bondels.

Oom Jollyman trek weg. Tasu se arms is klaar vasgeknyp. Dis onmoontlik om vir Ma en Sterkman en Evelina te waai.

8.2.1 "Kom ons stuur vir Tasu en vir my …" (Rëel 1)

Waarom is dit ironies as Ma sê dat Evelina nog nie verstand het nie? (2)

8.2.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies

"Dit kos te veel geld," sê sy. (Reël 6)

Hierdie woorde suggereer dat Tasu-hulle (ryk/versukkeld) is. (1)

8.2.3 Tasu se ma het geld gaan leen om taxigeld vir hom te kry.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.2.4 Tasu maak van kleins af tieroogklippe bymekaar. Tasu offer sy versameling tieroë, wat hy self in die veld bymekaargemaak het, op om vir die taxirit te betaal.

Watter karaktereienskap van Tasu word hier uitgebeeld? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (8.2.5) neer.

Die feit dat Tasu, ten spyte van sy vrese, steeds met ŉ mikrobustaxi gery het om sy ouma se medisyne vir haar te neem, wys dat hy ŉ … persoon is.

A besorgde
B gelukkige
C waaghalsige
D ongehoorsame (1)

8.2.6 Noem DRIE redes waarom Tasu bang was om in ŉ mikrobustaxi te ry. (3)

8.2.7 Het Tasu sy vrese om in ŉ mikrobustaxi te ry, oorkom?

Motiveer jou antwoord. (1)

8.2.8 Tasu is ŉ rolmodel in hierdie kortverhaal.

Kies die eienskappe in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (8.2.8(a) tot 8.2.8(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Tasu stel voor dat hulle iets verkoop om geld bymekaar te maak. | A gehoorsaam |
| | B liefdevol |
| (b) Tasu gaan Perdeberg toe. | C planmaker |
| (c) Tasu verkoop veertien van sy brandewynbotteltjies vol tierogies. | D vredemaker |
| (d) Tasu tree in belang van sy familie op. | E entrepreneur |

(4 x 1) (4)

8.2.9 Terwyl Tasu in oom Jollyman se mikrobustaxi ry, beleef hy konflik.

Bespreek Tasu se innerlike konflik. (2)

8.2.10 Dink jy Tasu sou sy vrese oorkom het as hy nie Perdeberg toe gestuur was nie?

Motiveer jou antwoord. (1)

8.2.11 Het jy empatie met dít wat Tasu deurmaak in oom Jollyman se mikrobustaxi?

Motiveer jou antwoord. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 'DIE HANSWORS' – S.J. Pretorius

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE HANSWORS – S.J. Pretorius**

Oor sy afsigtelike boggel,
en kromheid, het hul hom gekoggel,
en bitterder was hul venyn
as sy vergroeide ruggraatpyn.

Tussen die diere in 'n hoek
het hy die eensaamheid gesoek:
"Met klere wat gedurig gaar is,
wat doen die vent met sy salaris?"

Hy't maandeliks by die poskantoor
'n brief gepos of een gelees
by die dierkratte, oor en oor:
"Sou daar tog êrens iemand wees?"

En daardie ewige reuk van drank:
nie een sou huil as hy bedank,
maar waar hy in die sirkustent
aapagtig teen die firmament,
hoog teen die takelwerk, kon klouter,
die dood uittart, en, klein kabouter,
sy duiwelstreke uithaal onder
dat almal skater vir die wonder,
is hy, hoeseer verag, verlate,
nog deur die baas beskou as bate.

Toe het 'n brief gekom eendag …
Hy't oor die bed gebuk, verblind,
terwyl die boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: "Dankie my kind …"

**[Uit: *Album 60.* Human & Rousseau, 1960]**

9.1.1 Waar werk die hanswors? (1)

9.1.2 Watter stemming heers in die gedig? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.3 Bespreek die tema van die gedig. (1)

9.1.4 Lees weer reël 1.

Hoekom, dink jy, praat die spreker van "afsigtelike boggel" en nie van "kifose" nie? (1)

9.1.5 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (9.1.5(a) tot 9.1.5(d)) neer.

Die digter maak gebruik van verskillende sintuie sodat die leser kan (a) ... hoe die mense van die hanswors skinder en (b) ... hoe die hanswors lyk. Die hanswors laat die mense lag, maar niemand weet van sy (c) ... en (d) ... lyding nie. (4)

9.1.6 Kies die letterkundige term in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (9.1.6(a) tot 9.1.6(c)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "<u>v</u>erag, <u>v</u>erlate" | A retoriese vraag |
| (b) "Toe het 'n brief gekom eendag …" | B alliterasie |
| (c) "Sou daar tog êrens iemand wees?" | C inversie |
| | D kontras |

(3 x 1) (3)

9.1.7 Waarom, dink jy, het die hanswors sy briewe by die dierkratte gaan lees? (1)

9.1.8 Volgens strofe 4, waarna het die hanswors geruik? (1)

9.1.9 Haal DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit strofe 4 aan wat aandui dat die hanswors lewensgevaarlike toertjies doen. (1)

9.1.10 Lees weer die slotstrofe (strofe 5).

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Daar is 'n wending, want die hanswors se moeder is (sterwend/lewend). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.1.10. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (9.1.11) neer.

Die inhoud van die gedig is …, want al het die hanswors vir sy ma omgegee, kry hy geen respek van sy medemens af nie.

A stereotiperend
B sarkasties
C uitdagend
D ironies (1)

9.1.12 Watter les leer jy uit hierdie gedig? (1)

**EN**

9.2 **"WETENSKAPMANNETJIES" – Antjie Krog**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**WETENSKAPMANNETJIES – Antjie Krog**

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan die ligjare
en vertel dat die son as't ware
inkrimp en eendag sal verdwyn

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

daarom, liewe menere, teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%
want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
en kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring eensaamheid
wat geen mens kan keer.

**[Uit: *Dogter van Jefta.* Human & Rousseau, 1970]**

9.2.1 Na wie verwys "julle" in reël 1? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2.2 Voltooi die volgende sinne feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (9.2.2(a) tot 9.2.2(c)) neer.

Strofe 1 is ŉ (a) … van "julle" en wat hulle doen, terwyl strofe 2 fokus op (b) … . In strofe 3 kry ons ŉ (c) … wat die gevolgtrekking inlei. (3)

9.2.3 "en kyk hoe die son sy kop stamp teen die rant" (Reël 8 – 9)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die digter maak in die reël gebruik van (personifikasie/ŉ metafoor). (1)

(b) Verduidelik die letterlike betekenis van reël 8 en reël 9. (1)

9.2.4 Watter TWEE woorde in strofe 3 vorm ŉ kontras? (1)

9.2.5 Haal EEN woord uit strofe 2 aan wat daarop dui dat dit donker word. (1)

9.2.6 Waarom, dink jy, gebruik die digter die verkleiningsvorm in die titel? (1)

9.2.7 Wat is die oorheersende rymskema in die gedig? (1)

9.2.8 Wat is die tema van die gedig? (1)

9.2.9 Noem TWEE dinge wat vir die spreker vreugde bring. (2)

9.2.10 Waarom, dink jy, kan ons sê dat die spreker kuns meer as wetenskap sal geniet?

Gee TWEE feite. (2)

9.2.11 Die spreker gebruik nooit berekeninge nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

9.2.12 Verduidelik waarom dit gepas is dat die spreker klawertjies in haar boek teken. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**TOTAAL: 70**

**EINDE**

Downloaded from Stanmorephysics.com

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2023

# NASIENRIGLYNE

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL (VRAESTEL 2)**
**(10022)**

**23 bladsye**

Downloaded from Stanmorephysics.com 

**NASIENRIGLYNE**

1. As ’n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die tweede vraag getrek.

2. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

3. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

4. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

5. By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.

6. As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

7. By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

8. By vrae wat ’n eie opinie vereis en vrae waar ’n verduideliking vereis word: indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

9. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit nie korrek nie, mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

11. By ’n vraag waar enige GEBEURE in die korrekte volgorde gerangskik moet word, verdien die kandidaat EEN punt per korrekte antwoord mits dit op die korrekte plek staan.

12. Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: ROMAN**

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

**HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE.**

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | ANTWOORD | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 2.1 | • Dit gaan onmoontlik wees vir Gavin en Margot om die volgende dag terug te gaan Kaap toe, want dit reën te veel.<br>• Margot gaan haar vliegtuig Johannesburg toe mis.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 1 |
| 2.2 | • Mana wil die vloer skrop. ✓<br>• Beyers weet dat Mana dae lank in 'n vuil huis kan rondval en dit nie eers sal agterkom nie./Beyers weet dat Mana nie van huiswerk hou nie./Mana is hoogswanger. ✓ | (2) | 3 |
| 2.3 | 2.3.1 toekoms<br>2.3.2 spesifieke vraag<br>2.3.3 vraag<br>2.3.4 Hollywood | (4) | 2 |
| 2.4 | • Sharon is bruin en Hanna wit. ✓<br>• Sharon is ryk en Hanna nie. ✓ | (2) | 3 |
| 2.5 | Akteur/doen verhoogwerk/radio-omroeper/televisie-aanbieder/ voorleser by kunstefeeste/seremoniemeester by sakekonferensies<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 1 |
| 2.6 | 2.6.1 Hanna | (1) | 1 |
| | 2.6.2 Vyftien | (1) | 1 |
| 2.7 | Ja.<br>• Hy was nie by toe Hanna gebore is nie.<br>• Gavin was nooit by Hanna se ander verjaardae nie.<br>• Hy kon haar in die skande steek voor haar vriendin.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Hy is Hanna se biologiese pa.<br>• Hy het altyd vir Hanna presente gestuur op haar vorige verjaardae.<br>(Enige TWEE redes) | (2) | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.8 | Tibo/Amos/Yann/Sharon<br>(Enige DRIE) | (3) | 3 |
| 2.9 | • Die sop smaak nie lekker nie.<br>• Die sop smaak sleg.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 3 |
| 2.10 | • D<br>• ʼn mens nie met ander hoef te gesels nie.<br>• D ʼn mens nie met ander hoef te gesels nie.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 2.11 | Hulle algemene kennis was nie goed nie. | (1) | 3 |
| 2.12 | 2.12.1 tweede | (1) | 3 |
| | 2.12.2 Mana was voorheen getroud met Gavin. | (1) | 3 |
| 2.13 | Ja.<br>• Mana se kleredrag is bont, helder en uitspattig.<br>• Sy dra verfkwaste in haar hare.<br>• Sy trek nie soos ʼn gewone ma aan nie.<br>• Sy het ander idees oor die tradisionele rolle van seuntjies wat rugby speel en dogters wat pop speel.<br>• Sy het eers kinders gehad en nie die gewone orde van verlief raak, trou en dan kinders hê gevolg nie.<br>• Sy gee haar kinders en troeteldiere vreemde name.<br>• Sy is ʼn kunstenaar en nie ʼn goeie huisvrou nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Elke mens is ʼn individu en kan leef soos hy/sy wil.<br>• Ek hou ook daarvan om anders te wees.<br>• My ma dink en doen ook soos Mana.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | (2) | 4 |
| 2.14 | 2.14.1 • Hulle het in haar kamer rondgekrap.<br>• Hulle het haar boek gelees.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 2 |
| | 2.14.2 Hulle moet haar versie ʼn paar honderd keer uitskryf. | (1) | 1 |
| 2.15 | • Yann kies haar kant.<br>• Yann is vir die eerste keer simpatiek teenoor haar.<br>• Beyers sê as sy weer ʼn gedig skryf, sal dit vir hom ʼn eer wees om dit te lees.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | (2) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.16 2.16.1
- D
- Gavin
- D Gavin (1) 2

2.16.2
- C
- Yann
- C Yann (1) 2

2.16.3
- B
- Hanna
- B Hanna (1) 2

2.16.4
- E
- Mana
- E Mana (1) 2

2.17 Ja.
- Margot gooi nie tou op nie

**OF**

Nee.
- Margot maak altyd leë beloftes, selfs haar seun vertrou haar nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

2.18 Eie keuse antwoord, byvoorbeeld
- Die huis op die berg – dit was te ongerieflik.
- Die konsert – dit was net tydmors.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde met ʼn sinvolle rede. Antwoord moet goed gemotiveerd wees) (2) 5

**[35]**

| **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** | **Vlak 5** |
|---|---|---|---|---|
| *Vraag 2: Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | | | | |
| 5 | 9 | 14 | 4 | 3 |
| 14 | | 14 | 7 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

**HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

| VRAAG | | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | 4.1.1 | Lewensoriëntering/LO. | (1) | 1 |
| | 4.1.2 | Japan/Praag | (1) | 2 |
| | 4.1.3 | Japan/Praag | (1) | 2 |
| | 4.1.4 | weg/oorsee | (1) | 2 |
| 4.2 | Lien se pa is 'n prokureur. | | (1) | 3 |
| 4.3 | • B<br>• verbaas<br>• B verbaas<br>(Enige EEN) | | (1) | 3 |
| 4.4 | • Dirkie/Donovan/Dirkie en Donovan<br>• Tant Malie (Dry)/Mevrou Dry/moeilike Malie | | (2) | 1 |
| 4.5 | 4.5.1 | Konnotatief | (1) | 3 |
| | 4.5.2 | • Geel beteken dat haar ma dronk is.<br>• Dit verwys daarna dat haar ma gedrink het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 4.5.1 moet korrek wees om punte by 4.5.2 te verdien) | (1) | 3 |
| 4.6 | • Lien werk in 'n koffiewinkel om kos op die tafel te sit.<br>• Lien help vir Braam om 'n borgskap te kry.<br>• Lien se vriend vier haar verjaarsdag saam met haar.<br>• Lien gee haar spaargeld vir Hein om vir Tibbey te probeer help. | | (4) | 3 |
| 4.7 | Ja.<br>• Daar is baie mense wat deur moeilike tye gaan en deursettingsvermoë is belangrik om daardeur te kom.<br>• Sonder deursettingsvermoë kan niemand sukses behaal nie.<br>• Mense moet steeds hard werk/deursettingsvermoë hê om vooruit/uit 'n moeilike situasie te kom in die lewe.<br>• Baie mense se lewe is nie maklik nie, maar jy moet aanhou probeer.<br>• Jy het deursettingsvermoë nodig om jou drome waar te maak.<br>• Daar is huishoudings waar kinders die rol van 'n ouer moet vertolk.<br><br>**OF**<br><br>Nee. | | (1) | 5 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


- Nie almal bevind hulle in Lien se situasie nie, dit is van toepassing op haar unieke situasie en nie op ander nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

4.8
- Lien het haar ma in die kliniek besoek. ✓/Stuur vir haar ma ‘n boodskap
- Lien het haar pa in die tronk besoek. ✓ (2) 4

4.9
- Sy het besluit om drama te studeer en nie regte nie/het haar laat besluit sy hou daarvan om op die verhoog te wees/is goed met toneelspel.
- Sy het besef wat sy met haar lewe wil doen.
- Lien het uit haar dop gekruip.
- Lien het vir Hein leer ken.
- Lien kry ontvlugting uit haar omstandighede.
- Lien en Miemie het goeie vriende geword.
- Bring Lien en haar ma nader aan mekaar.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 3

4.10
- Sy het ŉ plakkaat gemaak.
- Sy het ŉ pruik en bril by Juffrou Breytenbach geleen.
- Sy het een van haar ma se rokke bo uit die kas gehaal.
- Sy het ŉ plek gesoek waar min bekende mense haar sou sien.
- Sy  het seker gemaak sy het ‘n (rooi) sak om haar klere in te pak.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2) 2

4.11

4.11.1 C
“Jou bord is te *fancy*.”
C “Jou bord is te *fancy*.” (1) 3

4.11.2
- E
- “Dis baie meer *exciting* as julle rugby.”
- E  “Dis baie meer *exciting* as julle rugby.” (1) 3

4.11.3
- D
- “Vat, koop iets wat jy nodig het.”
- D  “Vat, koop iets wat jy nodig het.” (1) 3

4.11.4
- A
- “Lien Jooste, jy is ŉ *dark horse*.”
- A “Lien Jooste, jy is ŉ *dark horse*.” (1) 3

4.12 Johnny/Roos (se hoek) (1) 1

4.13
- A
- braaf, omdat sy haar gesin wil versorg.
- A braaf, omdat sy haar gesin wil versorg.

**OF** (1) 3

Downloaded from Stanmorephysics.com


- C
- gevaarlik, omdat sy nog ŉ kind is en dit nie veilig is nie.
- C gevaarlik, omdat sy nog ŉ kind is en dit nie veilig is nie.

(Enige EEN)

4.14
- Lien luister na Nora Jones se musiek.
- Nora Jones se musiek motiveer Lien/laat haar rustig voel/verbeeld haar gevoelens/troos.
- Lien se ma het na klassieke musiek geluister as sy gedrink het/dit laat Lien ongemaklik voel.
- Lien het grootgeword met musiek.
- Lien se ma sing/speel klavier.
- Leer vir Hein ken toe sy gaan luister hoe hy mondfluitjie speel op die pawiljoen.
- Vorm van ontvlugting.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2) 2

4.15
- Kuifie het met Lien oor haar huislike omstandighede gepraat.
- Kuifie het gereël dat Lien se ma in ŉ kliniek opgeneem word.
- Kuifie sien vir Lien by die robot staan en vat haar huis toe.
- Kuifie help Lien se ma om werk as musiekonderwyseres te kry.
- Kuifie keer dat Lien se ma gearresteer word wanneer sy wyn steel.
- Kuifie het vir Lien gehelp om uit haar finansiële probleme te kom (baba oppas vir ekstra geld).
- Kuifie het aangebied dat die kerk help.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2) 2

4.16
- Sy het ŉ onaangename ervaring met Sproet gehad en hy ry nog steeds verby haar bedelplek/bang mense dink sy is 'n prostituut.
- Sy is bang dat sy ook raakgery kan word.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 2

4.17
- Toe Lien se pa tronk toe moes gaan omdat hy skelm was ✓ en sy gesin nou swaargekry het. ✓
- Lien se ma wat so baie drink, ✓ omdat mens wil glo dat ŉ ouer na hulle kinders sal kyk en hulle versorg. ✓
- Braam wat na die tuisvideo's kyk ✓ omdat hy die ou dae mis toe almal nog bymekaar was. ✓
- Toe Sproet aan Lien gevat het ✓ omdat sy nie besef het in watter gevaarlike situasie sy was nie. ✓
- Toe Tibbey in die ongeluk was ✓ omdat dit wys hoe gevaarlik dit is om te bedel. ✓
- Toe Lien nie by haar ma in die kliniek wou gaan kuier nie ✓ omdat mens se ouers altyd jou ouers sal wees. ✓
- Lien se ma steel wyn, ✓ terwyl Lien moet werk om kos te koop. ✓
- Hoe mense misbruik kan maak van ander, bv. tant Malie wat (2) 4

Downloaded from Stanmorephysics.com 

misbruik maak van die mense wat vir haar werk en Sproet wat misbruik probeer maak van 'n weerlose, arm bedelaar.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)
(Die rede en die motivering verdien 2 punte)

4.18
- Sy het alles gedoen wat sy kon vir haar familie/gee nooit moed op nie.
- Sy het baie opgeoffer om ander te help/stel ander se belange bo haar eie/gee om.
- Sy wys dat deursettingsvermoë beloon word.
- Sy is 'n goeie vriendin.
- Lien kan planne maak.
- Lien het 'n verantwoordelikheidsin.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

4.19
- Sy moet met 'n volwassene praat oor hoe dit regtig in hulle huis gaan./Sy moenie bang wees om hulp te vra nie.
- Sy moet eerder werk al maak sy minder geld.
- Sy moet met haar ma praat oor haar gedrag.
- Gaan soek hulp.
- Besoek jou ma en pa.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5
**[35]**

| Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 | Vlak 5 |
|---|---|---|---|---|
| *Vraag 4: Lien se lankstaanskoene* | | | | |
| 4 | 10 | 14 | 4 | 3 |
| 14 | | 14 | 7 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze**

**HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.1 | • Hendrik bied aan om vir Nollie van sy brandewyn in te gooi (wat hy eintlik net vir spesiale geleenthede hou).<br>• Hendrik waardeer/hou baie van die plate wat Nollie speel.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | (2) | 2 |
| 6.2 | • Frans lewer ŉ melkkan en ŉ mandjie vol rooi appels af.<br>• Hendrik sê Emma het weggehol, sy ken nie ŉ goeie vryer as sy een sien nie.<br>• Emma konfronteer haar ma en sê dat sy met opgekropte gevoelens rondloop.<br>• Hendrik vra vir Katrien wanneer sy laas klavier gespeel het. | (4) | 4 |
| 6.3 | • Aanvanklik wou Emma niks met Nollie te doen hê nie/sy het in die huis weggekruip wanneer hy buite by haar pa sit. ✓<br>• Aan die einde het sy ingestem om saam met Nollie na die Volstruisdans te gaan. ✓ | (2) | 2 |
| 6.4 | • Die vraag verbaas ŉ mens omdat dit nie normaal vir kinders is om aan hulle ouers vrae oor hul huwelik te vra nie.<br>• Emma kan in haar ma se liggaamstaal/houding sien dat haar ma (Katrien) nie gelukkig getroud is nie en sy wil nie dieselfde fout maak nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 4 |
| 6.5 | Met behulp van hierdie toneelaanwysing, bevestig dit Katrien se gevoelens/geestestoestand/spanning waaronder sy verkeer. | (1) | 3 |
| 6.6 | • Emma is bang haar huwelik gaan ook soos haar ma s'n in ŉ groef/doodloopstraat/ongelukkigheid eindig.<br>• Emma probeer wegvlug van Nollie af.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 3 |
| 6.7 | 6.7.1 Hierdie woorde impliseer dat Emma bang is om eendag te trou. ✓<br><br>6.7.2 Sy kan sien dat haar ma nie gelukkig is nie en met opgekropte gevoelens rondloop. ✓ | (2) | 3 |
| 6.8 | Emma kan ...<br>• sien/ervaar dat Frans bymotiewe met Katrien het.<br>• sien dat hy (moontlik) verlief op Katrien is.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 3 |
| 6.9 | • A<br>• ŉ Leeu het gebrul.<br>• A ŉ Leeu het gebrul.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com 

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.10 | verveeld | (1) | 3 |
| 6.11 | Uniondale | (1) | 1 |
| 6.12 | 6.12.1 verwagtinge/ideale/drome<br>6.12.2 dáárdie<br>6.12.3 aantreklik<br>6.1.2.4 praat/kommunikeer. | (4) | 1 |
| 6.13 | • Willem ly aan ŉ angstoestand.<br>• Die spanning by sy huis, weens die swak verhouding tussen Hendrik en Katrien, veroorsaak dat hy praat nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (2) | 3 |
| 6.14 | Nee.<br>• Sy het met Frans se besoek haar voorskoot afgehaal en haar hare reggedruk.<br>• Sy het ophou om die vloer te skrop en haar netjies gemaak.<br>• Sy aanvaar die geskenke wat Frans saambring.<br>**OF**<br>Ja.<br>• Sy was lief vir Hendrik.<br>• Hendrik is al wat belangrik was.<br>(Enige TWEE redes of *soortgelyk)* | (2) | 4 |
| 6.15 | • C<br>• nie meer optimisties oor hulle huwelik gevoel het nie.<br>• C nie meer optimisties oor hulle huwelik gevoel het nie. | (1) | 3 |
| 6.16 | • Baie mans het voorheen by Katrien aangelê. Frans val in dieselfde kategorie. Hendrik het moontlik met die voriges afgereken, dus sal hy Frans op dieselfde manier hanteer.<br>• Hendrik sal moontlik weer ŉ oorplasing na ŉ ander klein stasietjie aanvra.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 3 |
| 6.17 | 6.17.1 • D<br>• Hendrik huil nou.<br>• D Hendrik huil nou. | (1) | 1 |
| | 6.17.2 • B<br>• Emma stem in om na die Volstruisdans te gaan.<br>• B Emma stem in om na die Volstruisdans te gaan. | (1) | 1 |
| | 6.17.3 • A<br>• Ná ŉ rukkie lig Emma haar hand op en druk ŉ ander | (1) | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com 

noot.
- A Ná ŉ rukkie lig Emma haar hand op en druk ŉ ander noot.

6.17.4
- E
- Hendrik kom sonder die kerk klaar.
- E Hendrik kom sonder die kerk klaar. (1) 1

6.18 Hendrik het nie noodwendig verhuis na ŉ dorp met promosie nie. Hy het vermoedelik verhuis na kleiner stasietjies om vryers van sy vrou weg te hou.
(Of soortgelyk) (1) 3

6.19
- Hy verlang waarskynlik na Manuel en sou graag die goeie verwikkelinge in sy gesin met Manuel wou deel.
- Manuel was bykans al persoon van buite sy gesin wat voorheen na hom uitgereik het. (2) 3

6.20
- Wees gereed vir die uitdagings wat druk op ŉ huwelik plaas.
- Maak seker wie die persoon werklik is, voordat jy met hom/haar trou.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 3
**[35]**

| **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** | **Vlak 5** |
|---|---|---|---|---|
| *Vraag 6: Paljas* | | | | |
| 10 | 4 | 14 | 7 | |
| 14 | | 14 | 7 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA**

| VRAAG | | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| 7.1 | (Ongeveer) 19 jaar | | (1) | 1 |
| 7.2 | 7.2.1 | Kapp | (1) | 2 |
| | 7.2.2 | kinderwagter/kinderoppasser | (1) | 2 |
| | 7.2.3 | dorp/Knysna | (1) | 2 |
| | 7.2.4 | kos/verblyf/blyplek | (1) | 2 |
| 7.3 | • Nina wil nie uit die bos uitgaan nie/hou van die bos/is lief vir die bos/is kwaad/negatief/ongelukkig. ✓<br>• Lukas wil uit die bos kom waar hy die blou lug en son/sterre kan sien/hy voel vry/opgewonde/positief. ✓ | | (2) | 3 |
| 7.4 | Ja (SLEGS JA)<br>• Fiela se raad was: Hou net jou kop in die lug/hou moed/moet jou nie skaam nie/bly sterk.<br>• Fiela se raad: Solank jou kop nie sak nie, sal jou hart ook nie/wees trots op wie jy is.<br>• Fiela se raad: Jy moet die bang wegjaag.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | | (1) | 4 |
| 7.5 | • A<br>• kru<br>• A kru | | (1) | 3 |
| 7.6 | • Lukas gee agtergrondinligting/inligting/vertel vir die leser/gehoor (oor Nina se toekoms/sy liefde vir die see).<br>• Die dramaturg gebruik die verskillende vertelperspektiewe om die tydspronge soepel te maak./Daar was ŉ tydsprong.<br>• Lukas verduidelik vir die gehoor/leser wat aangaan en hoe hy op die spookskip reageer het.<br>• Innerlike konflik/redeneer met homself oor die nuwe omgewing/besluite.<br>• Lukas se gedagtes<br>• Tydsverloop/nuwe toneel<br>(Of soortgelyk) | | (2) | 3 |
| 7.7 | Lukas wil eers na die spookskip gaan kyk/Dit sou geen verskil maak as Lukas nie dadeliik vir Nina gaan soek nie/niemand gaan weet nie/hy is nuuskierig/wil langer uit die bos uitbly. | | (1) | 2 |
| 7.8 | 7.8.1 | • C<br>• Lukas<br>• C Lukas | (1) | 3 |
| | 7.8.2 | • A | (1) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


- Miss Weatherbury
- A Miss Weatherbury

7.8.3
- B
- Veldkornet Armstrong
- B Veldkornet Armstrong (1) 3

7.8.4
- D
- Latjie
- D Latjie (1) 3

7.9 7.9.1
- Die bottels/mondfluitjie het verroes/is vuil/vol torre.
- Die wegkruipplek/geheime plek het verander/is nie meer dieselfde nie.

(Enige EEN) (1) 2

7.9.2 Dit is simbolies van haar afskeid van die Bos/Nina begrawe haar verlede/is klaar met die bos/groet haar onskuld en kinderjare (1) 3

7.10 Hy moet vir Lukas leer **roei**. (1) 1

7.11 Lukas het geweier om bloubokkiestrikke te stel/om bloubokkies te vang/om toutjiesvleis te verkoop. (1) 1

7.12 7.12.1 Dit is Lukas se gedagtes/wat hy dink/gevoelens. (1) 3

7.12.2
- Lukas hou baie van/is verlief op Nina. ✓
- Hy besef dit is verkeerd/hy bevraagteken homself/hy vra: "Was ek van my verstand af?"/Hy stoot haar weg./Sy lyf het antwoord gegee. ✓

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (2) 5

7.12.3 Hy het hoë morele waardes, want hy probeer sy gevoel vir Nina onderdruk (omdat hy besef sy is sy suster)/hy het respek vir homself en vir Nina.
(Of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

7.13 Dawid is dood. (1) 2

7.14
- D
- vis
- D vis (1) 3

7.15
- Fiela en Benjamin/Lukas het mekaar 7 jaar laas gesien, ✓ maar Fiela is bekommerd, want sy sien Benjamin as wit/blank en nie as haar hanskind nie. ✓
- Dit is (veronderstel om) ŉ heuglike gebeurtenis (te wees), ✓ maar Fiela is bekommerd, want sy sien Benjamin as wit/blank en nie as haar hanskind nie. ✓
- Dit moet ŉ gelukkige ervaring wees, ✓ maar Fiela is bekommerd, want sy sien Benjamin as wit/blank en nie as haar hanskind (2) 4

Downloaded from Stanmorephysics.com 

nie. ✓
- Dit is soos die verlore seun se tuiskoms, ✓ maar Fiela is bekommerd, want sy sien Benjamin is wit/blank en nie as haar hanskind nie. ✓
- Fiela kan dit nie glo nie, √ die kind wat al so lank weg is, keer terug en noem haar ma. √
- Fiela is baie bly Lukas is terug, √ maar sy sien daar is iets wat hom pla. √

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Noem albei kante vir 2 punte, 2/0)

7.16 7.16.1 figuurlik (1) 3

7.16.2 Fiela is bang vir die gevaar wat die dieper dam kan inhou/ dat Benjamin uit die skuit uitval/dink dit is te gevaarlik (in die skuit)/Selling weet hoe om te roei en kon Benjamin beskerm/help indien nodig.. (1) 3

7.17
- Fiela sê vir Benjamin om die waarheid oor sy identiteit by Barta te gaan uitvind. (109)
- Barta sê dat sy nie langer met die leuen kan saamleef nie en erken Lukas is nie hulle seun nie. (114)
- Lukas/Benjamin sê: “Ek is niemand.” (114)
- Lukas sê vir Mister Benn hy sal voortaan as Benjamin Komoetie bekendstaan. (116) (4) 2

7.18
- Almal ervaar soms ŉ identiteitskrisis.
- Al gaan dit soms moeilik/sleg, kan jy bo jou omstandighede uitstyg/positief bly.
- Daar is ŉ toekoms na ŉ liefdelose ouerhuis/kindermishandeling.
- Morele waardes moet altyd voorop gestel word.
- Hou aan veg vir die waarheid/Soek jou identiteit/Die waarheid sal jou vry maak.
- Wees altyd jouself./Jy is wie jy kies om te wees.
- Familie is nie altyd bloedfamilie nie.
- Respekteer jou ouers al is jou omstandighede moeilik./Respekteer ouer mense.
- Die kleur van jou vel bepaal nie wie jy is nie.
- Liefde kan baie dinge oorwin.
- Om nie op te hou soek as jy nie antwoorde op vrae het nie en om nooit op te hou werk om jou drome te bewaarheid nie.

(Enige een of soortgelyk) (1) 5

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

| Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 | Vlak 5 |
|---|---|---|---|---|
| *Vraag 7 Fiela se kind – Die drama* | | | | |
| 3 | 11 | 14 | 3 | 4 |
| 14 | | 14 | 7 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

Downloaded from Stanmorephysics.com 

## AFDELING C: KORTVERHALE

### VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

| VRAAG | | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| 8.1 | **"DIE DROOM" – Pierré Olivier** | | | |
| | 8.1.1 | Maria of Marrie | (1) | 1 |
| | 8.1.2 | (a) ooreenkoms<br>(b) meisie<br>(c) waarskuwing<br>(d) jongmense | (4) | 3 |
| | 8.1.3 | • Nadat hy wakker skrik, onthou hy dat hy die meisie moes waarsku.<br>• Hy merk toe op dat hulle sitplekke leeg is.<br>• Hy troos homself dat dit net 'n droom was en dat dit nie moontlik vir die meisie was om van sy oom, Theunis en sy nooientjie, Marrie te kon droom nie. | (3) | 2 |
| | 8.1.4 | Hy worstel met die gedagte of hy die meisie iets dadelik moet vertel en of hy moet onthou om dit later vir haar te vertel.<br>(Noem albei kante vir 1 punt) | (1) | 2 |
| | 8.1.5 | (a) vervolgverhaal | (1) | 3 |
| | | (b) Die droom het aangegaan waar sy die vorige aand opgehou droom het. | (1) | 3 |
| | 8.1.6 | Dit het op albei geleenthede gereën. | (1) | 3 |
| | 8.1.7 | • A<br>• die verhaal met 'n oop slot te eindig en die slot aan die leser oor te laat.<br>• A die verhaal met 'n oop slot te eindig en die slot aan die leser oor te laat. | (1) | 3 |
| | 8.1.8 | Ja.<br>• Jaco het nie geglo dat 'n mens se drome is wat jy droom nie.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Jaco het net met Rienie gespot.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 4 |

Downloaded from Stanmorephysics.com 

8.1.9 Die jongmense het net soos in die droom in hul vriende se motor verongeluk toe die brug weggespoel het.

**OF**

Daar het niks met die jongmense gebeur nie, omdat dit net ŉ droom was.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 3

8.1.10 Ek sou hulle onmiddellik gewaarsku het, omdat dit hulle van ŉ moontlike tragedie sou kon red.

**OF**

Ek sou stilgebly het, want die jong meisie se droom kon nie waar wees nie.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

8.1.11 Ja.

- Dit is moontlik dat ŉ mens se drome waar kan word, veral as jy daarin glo.

**OF**

Nee.

- ŉ Droom is wat dit is, slegs ŉ mens se verbeelding.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

8.2 **'KOM ONS STUUR VIR TASU' – Maretha Maartens**

8.2.1 Tasu se ma dink Evelina is nog nie in staat om vir haarself te dink nie, ✓ maar dit is juis Evelina wat met die idee vorendag kom dat sy en Tasu die kruiemedisyne na hulle ouma moet neem. ✓
(Albei kante moet genoem word vir 2 punte, 2/0) (2) 3

8.2.2 versukkeld (1) 3

8.2.3 Sy het gesê dat sy by niemand geld sal leen nie.
(Of soortgelyk) (1) 4

8.2.4
- mededeelsaamheid
- besorgdheid
- vrygewigheid
- onselfsugtigheid

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

8.2.5
- A
- besorgde
- A besorgde (1) 3

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2.6
- Hy was vyf toe ŉ mikrobustaxi omgeslaan het en die mense bo-oor mekaar gelê het.
- Hulle kon nie uitkom nie en hy kon nie asem haal nie, want daar was te veel mense.
- Iemand het doodgegaan en hy het in haar dooie oë gekyk.

(Of soortgelyk aan bogenoemde) (3) 2

8.2.7 Ja.
Hy het gesê hy kan nie die dinge van gister in die mikrobustaxi indra nie en nie verewig in die dooie oë kyk nie, wat suggereer dat hy sy vrese oorkom het.
(Of soortgelyk. Nee is nie ŉ opsie nie) (1) 4

8.2.8 (a)
- C
- planmaker
- C planmaker (1) 2

(b)
- A
- gehoorsaam
- A gehoorsaam (1) 2

(c)
- E
- entrepreneur
- E entrepreneur (1) 2

(d)
- B
- liefdevol
- B liefdevol (1) 2

8.2.9
- Hy voel dat hy versmoor (✓) (a.g.v. die baie mense in die taxi), maar toe hy ŉ turksvy eet, oorwin hy sy vrese. (✓)
- Tasu is baie benoud oor die baie mense in die taxi (✓) tog weet hy dit is die regte ding om te doen dat hy help. (✓)

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Albei kante moet genoem word vir 2 punte, 2/0) (2) 2

8.2.10 Nee.
- Hy sou nooit die geleentheid gehad het om sy vrese te konfronteer nie.

**OF**

Ja.
- Tasu sou beter geword het as hy groot is.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

Downloaded from Stanmorephysics.com 

8.2.11 Ja.
- Ek dink dat hy 'n goeie mens is wat alles vir sy familie sal doen.

**OF**

Nee.
- Tasu was bang om sy ma te sê van sy vrese en daarom het hy 'n moeilike rit in die mikrobustaxi gehad.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

| **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** | **Vlak 5** |
|---|---|---|---|---|
| *Vraag 8 Kortverhale* | | | | |
| 1 | 13 | 14 | 4 | 3 |
| 14 | | 14 | 7 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING D: GEDIGTE**

| VRAAG | | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| 9.1 | **HANSWORS – S.J. Pretorius** | | | |
| | 9.1.1 | sirkus/sirkustent | (1) | 1 |
| | 9.1.2 | (Dit is) swaarmoedig/hartseer/droewig/depressief/ neerdrukkend/weemoedig/somber/treurig/negatief/afbrekend /melancholies<br>(Of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | 9.1.3 | • Die **lyding van die ongelukkiges en die gebreklikes** as gevolg van die **onmenslikheid** van sy medemens<br>• Vooroordeel teenoor mense met gebreke/Spot/Uitbuiting van mense met gebreke./Mense oordeel ander mense op grond van hulle voorkoms.<br>• Onbaatsugtige liefde van die hanswors teenoor sy ma.<br>• Moederliefde<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | 9.1.4 | • Die woord “boggel” is neerhalend/disrespekvol.<br>• Dit beklemtoon sy kollegas/medemens/se hartelose houding teenoor die hanswors/hulle hou nie van hom nie/hy lyk lelik<br>• Om te rym met koggel/rymdwang/pas by ritme.<br>• Dit is meer beskrywend/skep ‘n prentjie van hoe die hanswors lyk.<br>• Die spreker ken nie die mediese term nie, sien net dit is iets lelik.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | (1) | 4 |
| | 9.1.5 | (a) hoor | (1) | 2 |
| | | (b) sien | (1) | 2 |
| | | (c) emosionele/fisiese (pyn/hartseer) | (1) | 2 |
| | | (d) emosionele/fisiese (hartseer/pyn) | (1) | 2 |
| | 9.1.6 | (a) • B<br>• alliterasie<br>• B alliterasie | (1) | 3 |
| | | (b) • C<br>• inversie<br>• C inversie | (1) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


(c)
- A
- retoriese vraag
- A retoriese vraag (1) 3

9.1.7
- Die diere het hom nie bespot of verneder soos die mense nie/diere was sy vriende/hy het daar weggekruip.
- Die diere het hom aanvaar net soos hy is.
- Die diere het, nes hy, mense vermaak, maar ook in aanhouding gely.
- Die baas het nie regtig vir die diere of die hanswors omgegee nie, hulle was bloot 'n bate vir sy besigheid.
- Hy wou nie hê mense moet sien dat hy 'n brief lees nie/wou alleen wees/soek privaatheid/voel veilig/gemaklik daar/wou wegkom van die mense se gespot.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

9.1.8 (Na) drank/alkohol (1) 1

9.1.9 "die dood uittart" (1) 3

9.1.10 (a) sterwend (1) 2

(b)
- Die hanswors is verblind deur sy trane soos wat hy huil/nie kan sien nie, want hy huil (omdat sy besig is om te sterf).
- In die gedig staan "sterwend fluister" "dankie my kind"
- Sy sterf en kan nie verder praat nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

9.1.11
- D
- ironies
- D ironies (1) 3

9.1.12 Ek leer om ...
- alle mense te respekteer.
- empaties te wees/myself in ander se skoene te plaas.
- nie mense te boelie nie/boelies te stop.
- nie neer te kyk op ander mense/mense met gebreke nie/mense nie te oordeel op uiterlike voorkoms nie (jy weet nie wat aangaan in hulle lewens nie)
- om te gee vir die mense om my en nie net te oordeel nie.
- te weet mense met gebreke het ook gevoelens.
- nie altyd te dink 'n hanswors is snaaks nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

## 9.2 WETENSKAPMANNETJIES – *Antjie Krog*

9.2.1 Na (die) wetenskaplikes/wetenskapmannetjies/ sterrekundiges (1) 1

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 9.2.2 | (a) | beskrywing/verduideliking | (1) | 3 |
| | (b) | haar/(die) skrywer/(die) spreker/ek/ons | (1) | 3 |
| | (c) | wending/ommeswaai/verandering | (1) | 3 |
| 9.2.3 | (a) | personifikasie | (1) | 2 |
| | (b) | Dit verwys na die sonsondergang/son sak.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 9.2.4 | | vreugdes en hartseer/eensaamheid<br>(Albei woorde moet genoem word vir 1 punt) | (1) | 3 |
| 9.2.5 | | silhoeëtte | (1) | 1 |
| 9.2.6 | | • Dit dui daarop dat die digter neersien op die wetenskaplikes/verkleineer hulle/dink nie veel van hulle nie/ neerhalend/verkleinerend/spottend/Sy voel negatief teenoor hulle.<br>• Litotes/verkleining - stylfiguur<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| 9.2.7 | | gebroke rym | (1) | 1 |
| 9.2.8 | | • Die skrywer se haat vir wetenskap/negatiewe houding teenoor sekere vakke<br>• Wetenskap is nie alles nie.<br>• Die mens moet met verwondering na die natuur kyk.<br>• Die mens kan so vasgevang word in die studie van die groot heelal dat hy die wêreld om hom miskyk.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| 9.2.9 | | • Sy kyk na die sonsondergang/son.<br>• Sy teken klawertjies in haar boek./kuns<br>• Sy luister na die verdwaalde korhaan/<br>• Die natuur (se skoonheid).<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 2 |
| 9.2.10 | | • Sy teken (klawertjies/prentjies) in haar boek.<br>• Sy geniet die sonsondergang en waardeer die kleure/sien die mooi in die natuur.<br>• Syfers maak haar hartseer/bring eensaamheid.<br>• Sy sien neer op wetenskaplikes.<br>• Sy kry net 26% vir wetenskap.<br>• Kuns praat met jou gevoelens/emosies/hart en wetenskap kyk na feite.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 5 |
| 9.2.11 | | Sy bereken/kwadreer haar vreugdes/die dinge wat haar gelukkig maak. | (1) | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


Sy sê syfers bring eensaamheid/syfers maak haar eensaam.

9.2.12 Klawertjies is ʼn simbool van geluk. (1) 3

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**TOTAAL: 70**

| **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** | **Vlak 5** |
|---|---|---|---|---|
| *Vraag 9 Gedigte* | | | | |
| 6 | 8 | 14 | 2 | 5 |
| 14 | | 14 | 7 | |
| 40% | | 40% | 20% | |